# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 336 · 12 APRIL 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## FRAMESBY WYS HUL STAAL BY SA SKOLE ATLETIEK-KAMPIOENSKAPPE

Hoërskool Framesby se atlete het 6 medaljes by die afgelope SA Skole Atletiek-Kampioenskappe in die Paarl verower, waaronder 1 goud, 1 silwer en 4 brons medaljes.

Die paalspringgroep onder leiding van die bekwame afrigting van Juan van Eyk het uitmuntend presteer en 1 goud en 3 brons medaljes verower. Dis voorwaar 'n merkwaardige prestasie en dit is 'n bewys dat harde werk beloon word.

Kayden Thoressen, S/15, het die medalje aanslag gelei met 'n goud en 'n silwer medalje in onderskeidelik die paalspring (4.00m) en die driesprong (13.00m). Wat hierdie prestasie nog meer merkwaardig maak, is die feit dat hy altwee items op presies dieselfde tyd moes doen, en dat hy net 3 pogings by die driesprong gehad het.


Die ander uitblinker van die byeenkoms is Lincoln Kunneke, S/15, wat 'n brons medalje in die hamergooi (54.02m) en twee 7e posisies behaal het in onderskeidelik die diskus en gewigstoot items. Lincoln se hamergooi prestasie was ook die 43ste beste vertoning vir die kampioenskappe onder al die items. Sy poging van 54.02m het aan hom 949 punte op die APE-tabel besorg.

Die ander brons medalje wenners is Zack Slabbert, S/15, wat 'n persoonlike beste van 3.40m gespring het in die paalspring item. JJ de Lange, S/17, en Inge van Eyk, D/19, het ook brons medaljes behaal in hul onderskeie paalspring items, met hoogtes van 3.80m en 2.50m.

Die res van die atlete het as volg presteer:
6e - Tiané Slabbert - D/15 - Paalspring (2.40m)
7e - Lincoln Kunneke - S/15 - Diskusgooi (49.66m)
7e - Lincoln Kunneke - S/15 - Gewigstoot (14.50m)
11e - Juané Deysel - D/15 - Verspring (4.84m)
13e - Esri le Grange - D/17 Hamergooi (38.60m)
Uitdun - Juané Deysel - D/15 - 90m Hekkies (15.27s)
Bjorn Visser - S/15 - Hamergooi (NM)

Tiané Slabbert het ook 'n nuwe OP-rekord met haar sprong van 2.90m in die D/16 Paalspring opgestel.

Die res van die atlete het as volg presteer:
5e - Inge van Eyk - D/20 Paalspring
5e - Tiané Slabbert - D/16 Paalspring
6e - Minke van der Merwe - D/16 Verspring
9e - Bjorn Visser - S/16 Hamergooi
11e - Micaela Potgieter - D/16 Paalspring
11e - Jano Janse van Vuuren - S/16 Verspring
12e - Minke van der Merwe - D/16 Hoogspring
16e - Juané Deysel - D/16 Verspring
21e - Elmé Vermaak - D/16 1500m Hindernis
21e - Kylie Klaasen - D/18 Driesprong
24e - Stefan Boshoff - S/16 1500m Hindernis
Dallian Oerson - S/18 1500m - 13e in uitdun
Juané Deysel - D16 90m Hekkies - 4e in uitdun
Kayla du Preez - D16 100m - 8e in uitdun




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# NETBAL SKITTER BY B-TOERNOOI:

## B-TOERNOOI:

| | |
|---|---|
| o.14 B Outeniqua 14C | 15-2 Wen |
| Outeniqua 15E | 11-3 Wen |
| Outeniqua 15C | 9-1 Wen |
| Outeniqua 14B | 7-1 Wen |
| o.14C Collegiate 14C | 27-0 Wen |
| Outeniqua 14D | 10-4 Wen |
| Riebeeck College 14A | 8-1 Wen |
| Outeniqua 14B | 8-4 Wen |
| o.14D Collegiate 14D | 16-0 Wen |
| Outeniqua 14E | 14-0 Wen |
| Outeniqua 14B | 7-5 Wen |
| Outeniqua 15C | 1-11 Wen |
| Riebeeck College 14A | 10-1 Wen |
| o14E Collegiate 14E | 15-1Wen |
| Outeniqua 14C | 4-9 Verloor |
| Outeniqua 14D | 7-5 Verloor |
| Outeniqua 14C | 6-4 Verloor |
| o.14F Outeniqua 14E | 3-4 Verloor |
| Outeniqua 15 E | 1-4 Verloor |
| o.14G Outeniqua 14E | 3-8 Verloor |
| Outeniqua 15E | 3-0 Verloor |
| o.15B Harvest A | 16-1 Wen |
| Outeniqua 16B | 4-7 Verloor |
| Outeniqua 15B | 2-7 Verloor |
| Outeniqua o.16E | 11-1 Wen |
| o.15 C Outeniqua 15B | 1-10Verloor |
| Outeniqua 15C | 1-10 Verloor |
| Outeniqua 15Dx2 | 1-4 en 1-7 Verloor |
| o.15D Outeniqua 15C | 0-14 Verloor |
| Outeniqua 15 D | 2-12 Verloor |
| Outeniqua 15E | 2-6 Verloor |
| Outeniqua 14D | 1-8 Verloor |
| o.16 B Collelgiate | 10-9 Wen |
| Outeniqua 17B | 8-2 Wen |
| Brylin o.19B | 14-0 Wen |
| Outeniqua 16B | 5-6 Verloor |
| Riebeeck College A | 15-0 Wen |
| Outeniqua 17C | 9-4 Wen |
| o.16 C Outeniqua 16C | 6-4Wen |
| Riebeeck College 16A | 6-3Wen |
| Outeniqua 16D | 9-6Wen |
| Outeniqua o.15D | 0-8 Verloor |
| o.19B Brylin A | 5-3 Wen |
| Brylin B | 16-2 Wen |
| Outeniqua B | 8-3 Wen |
| o.19C Outeniqua o.19C | 5-4 Wen |
| Riebeeck College B | 13-3 Wen |
| Outeniqua o.19C | 5-6 Wen |

# HOKKIE VAAR PUIK TEEN ST DOMINIC'S

## HOKKIEUITSLAE:

### *Framesby vs St Dominic's*

| | | |
|---|---|---|
| 1ste Seuns | 4-3 | WEN |
| 2de Seuns | 0-7 | VERLOOR |
| 1ste Dogters | 4-1 | WEN |
| 2de Dogters | 6-0 | WEN |
| 16a Dogters | 6-1 | WEN |
| 14a Dogters | 5-0 | WEN |













# *Hoërskool Framesby se*
# ENGELSE VAKSPAN



M. BASSON



R. VAN ZYL



E. JONKER



Y. MORGAN



M. STRYDOM



L. VAN ROOYEN



L. MILES



H. VAN DEN HEEVER



B. JV RENSBURG



S. COLTMAN

## *98 collective years of teaching experience*

## *Did you know?*

10 QUALIFIED TEACHERS, WITH 6 SPECIALISED IN ENGLISH LITERATURE AND LINGUISTICS, 4 OBTAINING THEIR HONOURS IN ENGLISH AND 3 OBTAINING THEIR MASTERS IN DIFFERENT FIELDS OF ENGLISH.

9 HOME LANGUAGE CLASSES AND 34 FIRST ADDITIONAL LANGUAGE CLASSES

5 NSC MARKERS. WITH A COLLECTIVE OF 23 YEARS EXPERIENCE IN MARKING NSC EXAMS

ONE TEACHER IS PART OF THE NATIONAL ENGLISH OLYMPIAD SINCE 2011 AND IS NOW A CO-EXAMINER FOR THE OLYMPIAD BOARD

2023 100% PASS RATE FOR ENGLISH HOME LANGUAGE AND ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE
A AVERAGE FOR HL: 7
A AVERAGE FOR FAL: 23

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Daniël 6 vers 5 aan: "Die ministers en die goewerneurs-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarap hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie.

Die ander twee hoof-amptenare en die goewerneurs wou by die koning gaan kla oor Daniël. Hulle wou vir die koning sê hy doen nie sy werk nie en hy werk nie reg nie. Maar hulle kon niks kry wat Daniël verkeerd gedoen het nie, want hy het alles goed en reg gedoen.

Daniël, een van die hoofamptenare in koning Darius se paleis, was slim. Hy het hard gewerk en altyd die regte ding gedoen. Dis ook omdat hy die regte ding gedoen het en aangehou het om tot God te bid toe 'n wet vereis dat al die mense tot die koning moet bid, dat hy in die leeukuil gegooi is. Tog het hy ongedeerd daar uitgestap.

Dis nie altyd maklik om die regte ding te doen nie. Ons is mense met gevoelens en emosies wat soms die oorhand kry. Ons maak soms aannames op grond van halwe inligting, ons tree soms uit selfsug op. Nie waar nie?

Daniël het voortgegaan om die regte ding te doen, selfs al het dit sy lewe bedreig. Dit kon nie maklik gewees het nie.

Soms ís dit maklik om die regte ding te doen. Maar kom ons wees eerlik, daar is kere wat die regte ding vrekmoeilik kan wees. Dis ook nie altyd lekker om die regte ding te doen nie. Dit kan beteken jy moet eerlik wees oor iets wat iemand anders nie wil hoor nie. Dit kan beteken dat jy soms jou emosies of jou eie behoeftes eenkant toe moet skuif. Dit kan selfs beteken dat jy nooit jou kant van 'n saak kan stel nie, maar slegs kan hoop jou optrede getuig van jou karakter. Dit kan wees dat jy moet opstaan teenoor iemand wat onbillik optree. Dit kan beteken dat jy geduld moet hê wanneer jy óp is.

Daar is baie scenario's waar die regte ding moeilik kan wees.

Tog, het ek al dikwels ervaar dat dinge in plek val as 'n mens die regte ding doen – as jy reg optree teenoor ander mense, wanneer jy die dinge doen wat God van jou verwag.

Wanneer 'n mens die regte ding doen, soos Daniël ook destyds die regte ding gedoen het, voel jou hart 'n bietjie ligter. En dan voel die lewe sommer ligter.

Mag dit vir die hele Framesby-familie van waarde wees!

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) HTS DROSTDY – SATERDAG 13 APRIL 2024
Neem kennis dat die skool Vrydag, 12 April 2024, vir leerders gesluit is soos op jaarprogram aangedui.

B) DIE HANGER
Die beplanning van DIE HANGER was om die sweetpakbaadjies gereed te hê vir die sportdag wat die naweek plaasvind, maar ons kon dit nie regkry nie. Ons besef dat hierdie vertraging teleurstellend is.

Intussen wil ons melding maak van 'n positiewe verwikkeling. Ons het die proses vir 'n goedkoper sweetpakbaadjie afgehandel soos deur ouers gevra is. Die nuwe prys vir die baadjies is R625 per baadjie. Daarbenewens het daar 'n ontwerpverandering plaasgevind. Die baadjie sal dieselfde lyk as die vorige baadjie, maar sal nie langer die Puma-handelsmerk dra nie

Die nuwe afleweringsdatum vir die baadjies sal vanaf 17 April 2024 wees. Ons vra om verskoning vir die vertraging en waardeer julle begrip in hierdie tyd. Ons waardeer julle geduld en ondersteuning in hierdie situasie. As daar enige verdere vrae of bekommernisse is, moenie huiwer om DIE HANGER te kontak nie.

C) WOLKSKOOL
Om die Wolkskoolgebruik te verbeter is daar 'n skakel (hieronder) na 'n kort video oor hoe leerders hul profiele kan skep en dus so toegang tot alle Wolkskool-inhoud kan verkry:
https://www.youtube.com/watch?v=pZVqetzAtUY

Indien u steeds probleme ervaar e-pos mev. Loftus by cloftus@framesby.co.za.

D)ASSESSERINGS KWARTAAL 2
Aangeheg is die datums met alle assesserings (SGA) wat tydens kwartaal 2 afgehandel moet word. Hierdie is verpligte assesserings en geen mediese sertifikaat of kliniekbrief is geldig nie. Ouers moet asseblief seker maak dat leerders getrou skool

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

bywoon en daagliks vaste studietye by die huis het.

E) JUNIE EKSAMENROOSTER
Aangeheg is die eksamenrooster vir alle leerders grade 8 tot 12. Die graad 8- en 9-leerders begin 'n dag vroeër (Donderdag 23 Mei) as wat die almanak en die jaarbeplanner aandui. EBW skryf nou 2 vraestelle waar die Rekeningkunde- en Besigheidstudieskomponente nou apart ge-eksamineer word. Hierdie verandering is om by die eksterne GEC-vraestelle aan die einde van graad 9 aan te pas.

F) BEROEPSKEUSES – HULP VIR GRAAD 9-LEERDERS
Soos aan u genoem by die junior oueraand is dit belangrik om nou al met u seun/dogter met die oog op 'n toekomstige beroep te begin werk. Die Junie-eksamen sal al riglyn wees van watter vakke binne u kind se beroepskeuse lê. Leerders moet gemaklik wees om lang ure per dag (minimum 30 minute per vak per dag) vaste studietye met vaste studiemetodes te hê. In Lewensoriëntering word die verskillende studiemetodes ook aangespreek.

Die volgende persone het hul besonderhede beskikbaar gemaak indien u as ouer/s hulp benodig:
•Andalien Rautenbach - 0681430348 (Glow Studiemetodes, Beroep- en vakkeuses)
•Cherie Bezuidenhout – 072 200 9606 (CumLaude Breinprofiele) cbezuid@gmail.com

G) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die tweede kwartaal se kwartaalprogram.

H) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

I)VERANDERINGS MET BETREKKING TOT WINTERSKOOL 2024 [GRAAD 11/GRAAD 12]
Ouers, neem kennis dat daar veranderinge met betrekking tot die winterskool-program is. Maak seker dat u die veranderings in u dagboek plaas.

Word aangebied vir alle graad 11 en 12 leerders in die kernvakke, en is verpligtend vir hierdie leerders in die betrokke vakke. Dit is gratis en geskied gedurende die Junie-vakansie.

Tydgleuwe op hierdie dae waarin onderrig sal plaasvind is:
08:00 - 10:00
10:30 - 12:30
13:30 - 15:30

Die datums is as volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Dinsdag 18 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LEWENS-WETENSKAPPE<br><br>GRAAD 11 REKENINGKUNDE | **Woensdag 19 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Donderdag 20 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Vrydag 21 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE<br><br>GRAAD 11 WISKUNDE | **Saterdag 22 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE |
| **Maandag 24 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | **Dinsdag 25 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | | | **Vrydag 28 Junie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | |
| **Maandag 1 Julie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | **Dinsdag 2 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | **Woensdag 3 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | | | |

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



# BUITESPORT

Tinique Prinsloo het Saterdag, 6 April, saam met 228 ander karatekas aan die Eagles Karate Toernooi op Despatch deelgeneem. Sy het ‘n brons medalje verower in haar Kata en ‘n silwer medalje in Kumite Shobo Nihon.



# DANDRE GEKIES OM SA TE VERTEENWOORDIG

Dandre Henwick wat deel is van die OP o.14 Binnehuise Krieketspan het goud teen WP in die finaal gewen. Dandre is as kolwer van die toernooi aangewys.

Gemiddelde lopies van 24.5 en 'n strike rate van 193. Hy is ook gekies om SA later die jaar te verteenwoordig.



# LEOLIN EN SIMONIQUE VAAR PUIK BY SA SPORTOEKENNINGS

Leolin Pietersen en Simonique Grobler was genooi na die 2023 SA-Sportstoekennings-aand wat op 23 Maart in Pretoria plaasgevind het. Ons is baie opgewonde om u mee te deel, dat Leolin gekies is as die Senior Vroue trampolien gimnas van die jaar en Simonique Grobler as die Junior Vroue trampolien gimnas van die jaar. Dit is ń baie groot eer en prestasie vir hulle 2 en ons is bitter trots op hulle.





SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY SE LANDLOOP ATLETE LEWER BLINK VERTONINGS BY DIE ABSA RUN YOUR CITY 10KM

Hoërskool Framesby se landloop atlete het in hul massas opgedaag en uitstekend presteer in die Junior Afdeling se span- en individuele kompetisies.

Die dogters spanne het briljant gedoen met die A-span wat die spankompetisie gewen het, en die B-span wat die 2e plek behaal het. Die seuns het ook baie goed presteer en die A-span het ‘n 2e plek behaal, die B-span 3e en die C-span wat 4e geëindig het.

Ilke Wolmarans het ‘n 2e plek behaal in die Junior dogters afdeling met ‘n tyd van 44:16 vir die 10km. Dallian Oerson het ‘n 4e posisie behaal in die junior seuns afdeling met ‘n tyd van 35:45.
Ons sien uit na die komende seisoen onder leiding van Juf. Cronje, want as die deelname en die uitslae so goed is, kan dit net ‘n baie baie goeie landloop seisoen wees.














SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DRIEKAMP

Tiaan Peens het die naweek aan die African Cup Driekamp byeenkoms in Port Elizabeth deelgeneem. Hy het 15e van 29 deelnemers geëindig wat van regoor Suider-Afrika kom.

Dit is voorwaar ‘n uitsonderlike prestasie om in internasionale geselskap so goed te presteer.



# LAERSKOOL NOORD VERTONING

Wat n voorreg om 3 formidabele aktrises en hulle uitstekende verhoogbestuurder by H/s Framesby te kon verwelkom. Die middag is afgeskop met n gesprek met H/s Framesby se dramaleerders, waarin hulle bietjie meer oor Margit Meyer-Rödenbeck, Marion Holm en Ilne Fourie se loopbane en ondervinding kon uitvind. Daarna het die leerders insiggewende vrae oor toneelspel en die industrie gevra en baie baat gevind by die gesprekke rondom dit. Die aand het die gehoor van 255 gelag dat die trane rol oor die drie laerskool juffrouens se manewales en maniërismes. Dit was 'n prettige kultuur hoogtepunt op ons kalender.







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ONS GESELS MET: FRANCOIS HAY



Nou ja, die tyd staan vir niemand stil nie.
Ek was in matriek in 1986.

Ek het my maats en sport die meeste geniet op skool. Ek was maar net n gewone outjie op skool. Ek het tennis en rugby gespeel.  Na skool het ek my 2 jaar diensplig gedoen en direk daarna is ek polisie toe. Ek's tans by NMB Municipality by Safety & Security.

Ek is op die oomblik besig om teologie te studeer en is besig met my 2de jaar. Ja, dis n groot verskil van misdaad na godsdiens, maar ek's baie lief vir mense en as God jou roep, dan luister jy. Hoe sê die spreekword: Mens is nooit te oud om te leer nie; so ja 56 is ek op Varsitie.

Ek het 2 kinders, Franco (25) en Liane (21), wat my lewe is.

Dis in 'n neutedop bietjie oor myself.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

Op Maandag, 7 Augustus 2023 sal daar 'n video aan ons ouers en oudskoliere uitgestuur word wat die hele proses verduidelik. Die video sal ook op ons Youtube-kanaal, webwerf en Facebook-Blad beskikbaar wees. Die debietordervorm sal op ons webtuiste onder die Klub 100/100 "tab" beskikbaar wees.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na rterblanche@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid.
Ons almal kan doen met 'n goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg.  Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.
Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## *Oudskolier*

Mornay Heunis
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Keagan Tait
*Ernst Stapelberg (matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
*Rudi Gerber (matriek 1986)*
*Anelle Bailey (matriek 1994)*
*Ryno Lingerfelder (matriek 1999)*

## *Ouers, Oudouers / Beheerliggaam*

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)

## *Personeel / Oudpersoneel*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*

**Alle lede sal in die derde kwartaal 'n gratis unieke Klub 1000/100 hoed ontvang.**


**Dié versamelstuk kan Saterdae tydens ons sportdae gedra word en beteken dus dat jy gratis toegang sal hê.**

**Die hoedjies sal in Junie afgelewer word.**

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



**OPDATERING OOR AFLEWERING VAN SWEETPAKBAADJIES EN NUWE GOEDKOPER PRYS**

Geagte Ouers
Die beplanning van die hanger was om die sweetpakbaadjies gereed te hê vir die sportdag wat die naweek plaasvind, maar ons kon dit nie regkry nie. Ons besef dat hierdie vertraging teleurstellend is.

Intussen wil ons melding maak van ‘n positiewe verwikkeling. Ons het die proses vir ‘n goedkoper sweetpakbaadjie afgehandel soos deur ouers gevra is. Die nuwe prys vir die baadjies is R625 per baadjie. Daarbenewens het daar ‘n ontwerpverandering plaasgevind. Die baadjie sal dieselfde lyk as die vorige baadjie, maar sal nie langer die Puma-handelsmerk dra nie.

Die nuwe afleweringsdatum vir die baadjies sal vanaf 17 April 2024 wees. Ons vra om verskoning vir die vertraging en waardeer julle begrip in hierdie tyd. Ons waardeer julle geduld en ondersteuning in hierdie situasie. As daar enige verdere vrae of bekommernisse is, moenie huiwer om die hanger te kontak nie.

Charnelle de Lange- Kruger



# DIE KOSBLIK

*Spyskaart vir die week*

1 Proteïen van die dag + 2 bykosse = R50
Een porsie protëien = R30
Ekstra porsie proteïen = R25

Daagliks:
Hoender fillet en groenslaai

Kies ook van die volgende:

MAANDAG: Quiche & aartappel skyfies
DINSDAG: Bees bredie & gegeurde rys
WOENSDAG: Roosterkoek met lam vulsel & brokkoli slaai
DONDERDAG: Calamari & gegeurde rys
VRYDAG: Burgers & aartappel skyfies

Whatsapp: +27 (81) 015-4535 vir bestellings.
Wegneem of aansit etes beskikbaar.

# VAKANTEPOS
# KULTUURHOOF

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

(Afrikaansmedium)
(Beheerliggaam)

**VEREISTES:**

1. Verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse beplanning rondom kultuurbedrywighede.
2. Goeie interaksie met personeel asook leerlinge.
3. Baie goeie organisasievermoë.
4. Ontwerp, beplanning en uitvoering van plakkate, programme, kaartjies asook verkope van kaartjies.
5. Organisasie van kultuurfunksies is u verantwoordelikheid.
6. Verantwoordelik vir  inskrywings by kunstefeeste, musiekeksamens en dramakompetisies.
7. Bestuur  van die buite- personeel van die musiekdepartement.
8. Moet 'n goeie insig en agtergrond rakende musiek hê.
9. Bespreking van kultuursale.



- Mededingende salaris word aangebied.
- Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 April 2024
- Diensaanvaarding: 1 Julie 2024

Hierdie pos is geskik vir ‘n dinamiese hardwerkende persoon wat ’n skool se kultuur op die hoogste vlak wil dryf.

Stuur ‘n volledige CV, dekbrief en verwante dokumente per e-pos aan:

Mnr. Marius Germishuys

E-pos: skoolhoof@framesby.co.za | Tel : 041-360 1257

Handhaaf en Bou

# MEI/JUNIE EKSAMEN 2024
# GRAAD 10-12 BEGIN 16 MEI
# GRAAD 8-9 BEGIN 23 MEI
# EKSAMEN EINDIG 10 JUNIE

| | Oggendsessie<br>08:00 | | Oggendsessie<br>09:00 | | | Middagsessie<br>14:00 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dag en datum | Gr. 8 | Gr. 9 | Gr. 10 | Gr. 11 | Gr. 12 | Gr. 10 | Gr. 11 | Gr. 12 |
| Donderdag<br>16 Mei | | | Afr. HT V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | Geo<br>3 h<br>Vis. Kuns<br>2 h | RTT Pr. V1<br>3 h | | | IGO V1<br>3 h |
| Vrydag<br>17 Mei | | | RTT V2<br>$1\frac{1}{2}$ h | FW V1<br>2 h | IT Pr. V1<br>3 h | | LO<br>2 h | |
| **WEEK 1** | | | | | | | | |
| Maandag<br>20 Mei | | | Wiskunde<br>Wisk. Gel.<br>2 h | FW V2<br>2 h | Afr. HT V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | Eng. P1<br>FAL/HL<br>2 h | | RTT V2<br>3 h |
| Dinsdag<br>21 Mei | | | RTT Pr. V1<br>2 h | Eng. P2<br>HL $2\frac{1}{2}$ h<br>FAL 2 h | Landbouwet.<br>$2\frac{1}{2}$ h<br>VBS<br>3 h | LO<br>2 h | IGO V1<br>$2\frac{1}{2}$ h | IT V2<br>3 h |
| Woensdag<br>22 Mei | | | Rek.<br>2 h<br>Drama Teo.<br>2 h | RTT Pr.<br>V1<br>2 h | Geografie<br>Musiek V1<br>3 h | Toerisme<br>2 h | | Musiek V2<br>$1\frac{1}{2}$ h |
| Donderdag<br>23 Mei | Wisk.<br>$1\frac{1}{2}$ h | SK<br>45 min. | IT Pr. V1<br>2 h | LW<br>$2\frac{1}{2}$ h | Eng. P2<br>FAL 2 h<br>HL $2\frac{1}{2}$ h | IGO<br>3 h | Afr. HT V1<br>2 h | |
| Vrydag<br>24 Mei | EBW V1<br>1 h | LO<br>$1\frac{1}{2}$ h | BS V1<br>$1\frac{1}{2}$ h<br>Musiek<br>2 h | IT Pr. V1<br>3 h | Wisk. V1<br>3 h<br>WG V1 | | Afr. HT V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | |
| **WEEK 2** | | | | | | | | |
| Maandag<br>27 Mei | FW<br>55 min.<br>Ondersoek<br>20 min. | Gesk.<br>$1\frac{1}{2}$ h | LW<br>$2\frac{1}{2}$ h | BS V1<br>2 h | Wisk. V2<br>3 h<br>WG V2 | | IGO V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | |
| Dinsdag<br>28 Mei | Dig. Teg.<br>V2<br>3 h | Afr.<br>$1\frac{3}{4}$ h | VBS<br>2 h | Landbou<br>3 h | Toerisme<br>3 h | IT V2<br>2 h | Toerisme<br>$2\frac{1}{2}$ h | Eng. P1<br>FAL/HL<br>2 h |
| Woensdag<br>29 Mei | V | A | K | A | N | S | I | E |
| Donderdag<br>30 Mei | Eng.<br>FAL/HL<br>$1\frac{1}{2}$ h | Geo.<br>$1\frac{1}{4}$ h | Afr. HT V1<br>2 h | Rek.<br>Drama<br>2 h | BS V1<br>2 h | Dramatiese Kunste Prakties | | |
| Vrydag<br>31 Mei | LW<br>50 min. | EBW V1<br>1 h | FW V1<br>$1\frac{1}{2}$ h | Wisk V1<br>WG V1<br>2 h | FW V1<br>3 h<br>Vis. Kuns | | | |

| | Oggendsessie 08:00 | | Oggendsessie 09:00 | | | Middagsessie 14:00 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dag en datum** | **Gr. 8** | **Gr. 9** | **Gr. 10** | **Gr. 11** | **Gr. 12** | **Gr. 10** | **Gr. 11** | **Gr. 12** |
| **WEEK 3** | | | | | | | | |
| Maandag 3 Junie | Gesk. $1\frac{1}{2}$ h | Dig. Teg. V2 3 h | FW V2 $1\frac{1}{2}$ h | Wisk V2 WG V2 2 h | FW V2 3 h | | | Musiek Prakties |
| Dinsdag 4 Junie | Afr. $1\frac{1}{2}$ h | EBW V2 1 h | Eng. P2 FAL 2 h HL $2\frac{1}{2}$ h | BS V2 2 h | Afr. HT V1 2 h | | | IGO V2 $2\frac{1}{2}$ h |
| Woensdag 5 Junie | LO $1\frac{1}{2}$ h | Eng. FAL/HL $1\frac{1}{2}$ h | Vis. Kuns 2 h | VBS 2 h | LW $2\frac{1}{2}$ h LW Pr. 30 min. Drama Teo. 3 h | | IT V2 3 h | |
| Donderdag 6 Junie | Geo. $1\frac{1}{4}$ h | LW 1 h | Gesk. 2 h | RTT V2 2 h | BS V2 2 h | Musiek Prakties | | |
| Vrydag 7 Junie | SK 45 min. | Wisk. $1\frac{1}{2}$ h | Geo. 3 h | Eng. P1 FAL/HL 2 h | Rek. V1 2 h | Landbou $2\frac{1}{2}$ h | | |
| **WEEK 4** | | | | | | | | |
| Maandag 10 Junie | EBW V2 1 h | FW 65 min. Ondersoek 20 min. | BS V2 $1\frac{1}{2}$ h | | Rek V2 2 h | | | |

**NOTAS:**

- Die werksafbakening word as harde kopie aan leerders gegee op Vrydag 10 Mei.
- Die laaste week is normale skool soos in die almanak aangedui.
- Deeglike beplanning en voorbereiding is noodsaaklik om in die eksamen suksesvol te wees.
- Daaglikse studietye, deur die kwartaal, en Wolkskool kan help om leerders beter te laat presteer.

## KWARTAAL 2 ASSESSERINGSDATUMS - APRIL/MEI 2024

| Datum | Vak | Tipe assessering | Graad | Onderwyser |
|---|---|---|---|---|
| 6/05 | Afrikaans | Voorbereide Mondeling | 12 | Klasonderwysers |
| Week 22/04 | EngFAL<br>Eng HL | Transactional writing | 8<br>9 | Klasonderwysers |
| Week 29/04 | Eng FAL | Prepared Speech | 10-11 | Klasonderwysers |
| 23/04-3/05 | | Prepared reading/oral, etc. | 10-12 | Klasonderwysers |
| 25/04<br>verlengde voog | | Literature Assignment * | | |
| Week 22/04<br>Week 29/04 | Eng HL | Oral<br>Writing | 10 | Klasonderwysers |
| Week 8/04<br>Week 22/04 | | Writing<br>Oral | 11 | Klasonderwysers |
| Week 8/04<br>Week 22/04 | | Oral<br>Oral | 12 | Klasonderwysers |
| 22/04<br>29/04<br>13/05<br>Toetsgleuwe | Wiskunde | Ondersoeke | 8-9 | Jvm |
| 17/04<br>22/04<br>Toetsgleuwe | Wiskunde / WG | Opdragte / Ondersoeke | 10-12 | Lof / Sny |
| 29/04 | BS | Aanbieding | 10-12 | Sam/Sml/Jvr |
| 6/05<br>30/05 | Dramatiese Kunste | PAT 2<br>Praktiese Eksamen | 10-12 | Poc |
| 29/04<br>Toetsgleuf | FW | Standaard toets | 10<br>12 | Ham |
| 10/04 uit<br>2/05 in | Geografie | Opstel Taak<br>Navorsingstaak | 10<br>11-12 | Sit |
| Week 10/05 | Geskiedenis | Taak | 10 | Vdf |
| Deurlopend in klastyd | IGO | 3 kursustekeninge<br>4 kursustekeninge | 10-11<br>12 | Alb |
| 24/04<br>29/04 | IT | Praktiese Toets | 10<br>12 | VdB |
| 9/04 - 3/05 | LO | Navorsingstaak<br>PET | 12 | Jvr<br>Klasonderwysers |
| 22/04 - 26/04 | LO | Prakties vir liggaamsopvoeding | 8-9 | Net<br>Klasonderwysers |
| 13/05<br>Toetsgleuf | LW | Opdrag | 10-12 | Vni |
| Week 22/04<br>Week 6/05 | Musiek | Prakties | 8-9 | Loo |
| 14/05 | | Musiekbegrip | 10 | Roo |
| 10/05 | | PAT 2<br>verwerking/komposisie | 10 + 12 | Roo |
| 8/05<br>24/04<br>9/05 | RTT (CAT) | Prakties SGA | 10<br>11<br>12 | Rob |

| Datum | Vak | Tipe assessering | Graad | Onderwyser |
|---|---|---|---|---|
| perioderuilings | | | | |
| 6-10/05<br>29/04-3/05 | Rekeningkunde | Projek | 10-11<br>12 | Dej / Gel |
| Week 22/04 | Skeppende Kunste | Prakties x2 SKD | 8-9 | Roo / Ade |
| 11/04, 16/04, 17/04, 18/04, 22/04, 23/04, 25/04, 26/04, 29/04, 30/04, 2/05, 8/05, 9/05, 13/05 | VBS | Klasprakties x3 | 10-11 | Scl |
| | | Klasprakties x3 | 12 | Scl / Sml |
| 15/05 | Visuele Kunste | Take x2 | 10-12 | Vos |
| Departementeel | Toerisme | Taak | 12 | Dew |
| 11/06-12/06<br>10/06-11/06 | | PAT Dag 1 en Dag 2<br>Departementeel en verpligtend | 10<br>11 | Dew |
| 13/05-20/05 | LW | Projek | 8-9 | Oos |

# FORUM

SKOOLTYDSKRIF



# Graad 7's stroom na die Framesby-skip!

Ongeveer 350 graad 7's het hierdie jaar se opedag bygewoon en kon elk so ietsie van die Framesby-familie kom beleef.

## By ons, is daar vir elke vissie 'n plek in die Framesby-see!

Soos gewoonlik, spog Framesby met haar verskeidenheid van aktiwiteite en bedrywighede - waarby elke graad 7 'n moontlike tuiste kan vind. Die leerders vaar uitstekend in hul optredes en laat die graad 7's met groot glimlagte en opgewondenheid vir hul hoërskoolloopbane wat voorlê - veral Juffrou Smit se verbruikersklas!











## Ons hou die blou kant bo!

Na nog 'n suksesvolle opedag, is dit duidelik dat die leerders van ons skool trots is op ons Framesby-gees en dat elkeen van ons se harte, verseker blou en goud klop.


Framesby Forum
Skryfkompetisie Wenner
Anri de Beer
11H

# Weerkaatsings van myself

My lewe is 'n eindelose stryd. 'n Lewenslange vlug van die blonde, blou-oog meisie in my spieël.

Om elke hoek en draai, in elke weerkaatsing en spieëlbeeld volg daar 'n blonde blou-oog meisie my rond. Sy kruip in my spieël weg en spring uit wanneer ek haar die minste verwag. Sy sê nie 'n woord nie, maar haar voorkoms praat wonders. Dis asof haar stem wegraak in die teëltjies van my spieël, maar haar kyk verstop my brein met woorde. Negatiewe gedagtes infiltreer my brein en dit voel asof sy my in die spieël probeer vaskeer.

Ek vermy my spieëlbeeld. Hoopvol dat sy my nie sal vang as ek nie van aangesig tot aangesig met haar staan nie. Ek plak my spieël toe met inspirerende woorde en ou kiekies. 'n Foto van vanjaar se redenaarskompetisie. 'n Foto van ek en my beste vriendin op die eerste dag van graad 10. 'n Bybelversie wat ons laas Sondag in die kerk gelees het. Al probeer ek hoe hard en al plak ek duisende foto's, kan ek haar nie ontsnap nie. Dis asof sy deur die foto's vir my staar. Haar blou oë boor deur al die inspirerende woorde en dit voel asof sy 'n mes in my hart in steek.

'*Anri, jy is perfek nes jy is!*', staan gegraveer op 'n wit mosaïek-teëltjie. Hoe meer ek die woorde vir myself herhaal, hoe meer begin ek twyfel of dit waar is. In my hart wil ek die woorde glo, maar dis asof die woorde nutteloos deur my brein sweef. Amper asof die blonde, blou-oog meisie 'n vloek oor my uitgespreek het, een wat my gedagtes in 'n warrelwind van woorde omskep. Die woorde wat so duidelik op die wit teeltjie staan word rond geskommel en afbrekende frases en sinne vorm wat my hart in 'n duisend klein stukkies verbrysel. Trane stort by my wange af terwyl ek wegdraai van die spieël met die doel om haar vloek te breek, maar dit help nie.

Ek hardloop al my hele lewe weg van die blonde, blou-oog meisie in my spieël, bang dat sy my eendag in die spieël sal vaskeer, maar hoe vinniger ek hardloop hoe groter voel haar teenwoordigheid. My hele lewe is 'n eindelose stryd. 'n Lewenslange vlug van die blonde, blou-oog meisie in my spieël...

deur Anri de Beer





# Matriekdag

2024

Die matrieks was Willows toe waar ons 'n heerlike dag as 'n graadgroep deurgebring het.

Kom ons hoor by 'n paar matrieks wat hulle gunsteling deel van die matriekdag was: " Dit was 'n baie lekker geleentheid gewees om saam met al die kinders in my graad tyd te spandeer en hulle buite die skool se atmosfeer te sien." "Dit was lekker om 'n dag van skool te mis." "Om 'n rustige dag saam vriende te spandeer en weer met hulle 'n sterker konneksie te bou." "My gunsteling deel was om by die waterglyplank af te gaan saam met my vriende as 'n treintjie agter mekaar." "Die onvergeetlikste oomblik van die dag was toe Mnr. van der Walt skelm vir ons kaasworsies gebraai het."

Carla van Jaarsveld



# English Debating

Deur Elné Burger

**Framesby spog met ń groot verskeidenheid kultuuraktiwiteite waarvan een English Debating is. As jy hou van argumenteer in Engels is hierdie aktiwiteit definitief vir jou !**
**Daar word elke jaar deelgeneem aan twee ligas en die resultate is altyd iets om op trots te wees. Die sprekers word hoofsaaklik afgerig deur Miss Morgan en Mev van den Heever.**
**Daar was ń onderhoud gevoer met John-Louis en hy het die volgende gesê: "Debating is ń aktiwiteit waar jy jou redeneringsvermoë kan verbeter en leer hoe om met selfvertroue voor ń groep mense te praat. Ek het aangesluit in 2022 omdat ek hou van argumenteer en het dadelik welkom gevoel. "**
**Ons hoop om meer leerders by English Debating in die tweede kwartaal te sien.**



**Voorsitter 2024: John-Louis Vosloo**
**Ondervoorsitter 2024 : Elné Burger**

# FRUK toneelspelers kwyt hul uitstekend van hul taak!

***Lara Nell***

Op Saterdag, 16 Maart 2024 het 24 Framesby leerders aan Tribuo se Proscenium Dramakompetisie deelgeneem. Hierdie uitdunrondte 9 het in Framesby se pragtige kultuurlokaal plaasgevind. In totaal het meer as 640 leerders van oor Suid-Afrika deelgeneem, waarvan daar net 70 as finaliste gekies is. Al 24 Framesby leerders het hul rolle in hul prosas en gedigte voorwaar voortreflik vertolk. Almal het die kompetisiedeelname baie geniet en hoewel die improvisasie vir almal bietjie senutergend was, was dit feitlik almal se gunsteling deel van die kompetisie. Twee van Framesby se skitterende aspirant-akteurs, Milla van der Merwe en Ronaldino Mc Gear, het deurgedring tot die finale rondte wat van 9 tot 11 Mei in die Kunstekaap teater in Kaapstad plaasvind. Ons wens hulle alle sterkte toe!

PROSCENIUM DRAMA KOMPETISIE/COMPETITION



Milla van der Merwe



Ronaldino Mc Gear




Op Maandag, 18 Maart 2024 het Framesby hul jaarlikse Interhuis Toneel in die kultuurlokaal aangebied. Die toneel was werklik vermaaklik, van die humoristiese tot die meer ernstige stukke. Dit was wonderlik om te sien hoe pragtig die leerders hul talente en gawes uitleef op die verhoog.




Dit was ook verseker 'n ontspannende en vrolike manier om die toetsreeks mee af te sluit. Welgedaan aan die Visse wat gewen het en aan al die Frukkers wat deelgeneem het.

Baie geluk aan elke Frukker en drama-leerder wat by beide kompetisies hul rolle uitstekend vertolk het en vir die toeskouers soveel genot verskaf het! Julle maak Framesby trots!

# MOTIVERING VANAF ONS EERSTESPAN KAPTEINE:

## RUGBY

Johan van Zyl



***Ouens, wanneer tye vir ons moeilik raak, onthou ons het net vir mekaar op daardie veld. Dit is belangrik om te speel vir die man langs jou en ook om die blok te eer.***

## NETBAL

Simoné Louw



***My boodskappie aan my span is dat ons nooit moet opgee nie. Maak nie saak hoe moeilik dit raak nie. Ons moet net deur druk en sterker terugkom, want ek dink nie ons besef altyd watter potensiaal ons werklik het nie.***

Deur Marie-Louise Strydom 12E

# MOTIVERING VANAF ONS EERSTESPAN KAPTEINE:

## HOKKIE

Taytum-Paige Bosch



***Ek wil my motivering deur ń quote aan julle gee: "Winners are not people who never fail, but people who never give up!" Onthou om net altyd julleself te geniet.***

## GOLF

Jeandré Hattingh





***As ons hard genoeg werk is enige iets moontlik. Daar is nog baie toernooie oor vir die jaar waarin ons baie goed kan doen, maar dit kan net deur harde werk en vasberadenheid bereik word. Hou aan hard werk en geniet elke oomblik daarvan.***

Deur Marie-Louise Strydom 12E

# MOTIVERING VANAF ONS EERSTESPAN KAPTEINE:

## TENNIS

Carike Marais



***Aan my span, miskien moet ons minder die wind blameer wanneer ń wedstryd sleg gegaan het. Ek kan nie wag om te sien wat ons alles saam hierdie jaar gaan bereik nie!***

## HOKKIE

Evan Claassen



***Ons het al saam hoogte- en laagtepunte op die veld beleef, maar dit is juis in die moeilikste tye wat ons die sterkste word. Elkeen van julle bring ń unieke vaardigheid, passie en toewyding na die veld. Mag ons die jaar nog vele saam bereik!***

# MOTIVERING VANAF ONS EERSTESPAN KAPTEINE:

## TENNIS


Christian Viljoen (Goempie)



***Bly positief en hou aan oefen. Alles kom nie net dadelik nie, harde werk is nodig. Gee ook beste jou wanneer jy ń wedstryd speel en wanneer jy oefen.***

## KRIEKET

Danika Marais



***Moet nooit jou kop laat sak as iets nie gaan soos wat jy wou gehad het dit moes gaan nie. "God het altyd ń groter plan vir jou", as jy jou deel doen sal jy die vrugte daarvan pluk.***

# MOTIVERING VANAF ONS EERSTESPAN KAPTEINE:

## KRIEKET

Hanro van Jaarsveld



Sukses is om aan te hou probeer en entoesiasties te bly al verloor mens. Kom ons loop saam met mekaar met passie & deursettingsvermoë deur hoogte en laagte punte hierdie jaar!

## LANDLOOP

Tiaan Peens




Die harde werk wat jy insit is die resultate wat jy gaan uitkry. Oefen hard sodat jy in die wedlope kan presteer.

Deur Marie-Louise Strydom 12E

# MOTIVERING VANAF ONS EERSTESPAN KAPTEINE:

## BERGFIETS/MTB

Stephan Röth
(Stevie)



Ons werk reeds baie hard om die span so sterk as moontlik te maak.
Hierdie jaar gaan ons nog harder werk en die Skole Liga wen asook die Framesby-naam hoog hou by SA Skole. As enige skool dit kan doen is dit ons, en ons sal dit ook bewys!

Deur Marie-Louise Strydom 12E

# Mnr. en Mej. Framesby 2024

**KARLE' DU PREEZ**




**MNR. FRAMESBY:**
**PIETER-LAFRAS AYLWARD**

**MEJ. FRAMESBY:**
**MARIE-LOUISE STRYDOM**





**Hier volg 4 vrae wat Mnr. en Mej. Framesby beantwoord het:**

1-Wat was die emosies wat jy ervaar het toe hulle Mnr. en Mej.Framesby van 2024 aankondig en jou naam geroep was?

2-Wat was vir jou die beste deel van hierdie Mnr. en Mej. Framesby kompetisie?

3-Het jy iets meer van jouself ontdek of geleer tydens hierdie kompetisie?

4-Watse raad het jy vir die jonger grade wat ook eendag graag wil inskryf vir Mnr. en Mej. Framesby?

# Mnr. Framesby 2024



PIETER-LAFRAS AYLWARD

**Vraag 1:**

Ek het nie gedink dat soveel verskillende emosies op een slag beleef kan word nie!
Ek was regtig trots om die titel te kon dra, dis my skool se naam daaraan gekoppel, dis my trots.
Ek het sekerlik heel eerste so bietjie aan skok gely en toe skop die ongeloof in.

**Vraag 2:**

Daar was baie goeie dele, dis 'n moeilike vraag (maar darem nie so moeilik soos die een wat ek daardie aand uit die hoed uit getrek het nie!).
Die beste deel vir my persoonlik was om net myself te wees.
My ma het die middag voor die gala aand vir my gesê dat ek net myself moet wees en die aand moet geniet, dus kon ek alles geniet en ingeneem het.

**Vraag 3:**

Ek wil aansluit by vraag 2.
Om jouself te wees en vriendelik te wees is genoeg.

**Vraag 4:**

Onthou, jy is reeds 'n wenner. Ons almal is reeds op een of ander manier 'n wenner.
Jy is goed genoeg, wees jouself. Die belangrikste-geniet dit. Dis 'n deel van jou matriekjaar in Framesby wat jy vir baie jare nog gaan onthou.
As jy Mnr. Framesby word, wees steeds jouself.

# Mej. Framesby 2024



MARIE-LOUISE STRYDOM

**Vraag 1:**

Tydens die aankodigings van al die wenners, bly die spanning maar hoog agter die gordyne. Nie noodwendig omdat ń mens gestres is nie,maar meer uit opgewondenheid...dis die oomblik waarvoor ons as deelnemers al weke lank voor werk en uitsien. Toe Milla Mej. Framesby 2024 aankondig en ek my naam hoor wou ek na Milla toe hardloop van opgewondenheid, ek het in daardie oomblik verskeie emosies ervaar.

**Vraag 2:**

Die beste deel van Mnr. en Mej. Framesby was vir my toe ek en Pieter-Lafras saam geloop het vir die eerste keer as Mnr. en Mej. Framesby. Ek was op daardie oomblik baie trots op Pieter-Lafras maar ook op myself. Ek sal dit enige tyd weer doen en my tyd by Mnr. en Mej. Framesby vir niks verruil nie.

**Vraag 3:**

Hierdie kompetisie het vir my baie geleer, maar iets wat dit persoonlik vir my geleer het oor myself is dat ek dit eintlik geniet om voor ń gehoor te praat. Ek kon die gehoor in alle eerlikheid nie sien met al die verhoogligte nie ,maar die gevoel van die gehoor en die verhoog was iets wat regtig vir my uitgestaan het.

**Vraag 4:**

NEEM DEEL! Een van twee goed sal gebeur. Jy sal dalk die voorreg hê om aan hierdie lewenservaring deel te neem en net soos ek ook baie daaruit leer oor jouself, oor ander en bietjie meer oor die lewe. Óf jy gaan vir jou onderhoud gaan en nie inkom nie - dan sal jy leer dat dit nie die einde van die wêreld is as jy nie iets behaal nie. Jy sal ook leer om steeds jou vriende te ondersteun wat wel ingekom het terwyl jy miskien teleurgesteld is. Aan elkeen van julle wat oorweeg om deel te neem,doen dit en wees trots op jouself of jy nou inkom of nie.

mobilities
COMMUNICATIONS SOLUTIONS

# Uncapped Internet

## Voice + Data Contracts

# 041 363 1818

WIRELESS AIR
WIRELESS
LTE
FIBRE

Shop 28B, Sunridge Village Shopping Centre,
Kragga Kamma Road, Sunridge Park. 6001 Port Elizabeth

Terms and Conditions Apply

Further together
vodacom